

HOOFSTUK 8

Sonde

1. Die sonde in die engelewêreld

- 1.1 Die eerste sonde ontstaan in die hemel. Dit gebeur wanneer die engele sondig. Ons lees daarvan in Johannes 8:44; Judas:6; 1 Timoteus 3:6; 2 Petrus 2:4.
- 1.2 Die Bybel verhaal nie presies wat gebeur het toe die duiwel en sy engele gesondig het nie. Ons weet wel dat:
 - hulle teen God in opstand gekom het;
 - hulle nie weer gered kan word nie;
 - verwaandheid 'n rol gespeel het; en
 - leuens 'n rol gespeel het.
- 1.3 Kuyper, 'n Nederlandse teoloog, beweer dat die duiwel die enigste engel was wat so hoog geskape was dat hy hom in 'n hoër toestand kon indink as waarin hy was. Op dié manier het hy kans gesien om God se heerskappy af te neem. Die duiwel het toe teen God in opstand gekom en probeer om God se troon af te neem. God het hom egter verslaan en uit die hemel uitgewerp. Die teorie word algemeen aanvaar.
- 1.4 In beginsel bly die sonde 'n onverklaarbare raaisel, want die openbaring daarvoor is nie genoeg om gesagvolle uitsprake daarvoor te maak nie.

2. Die sondeval in die mensewêreld

- 2.1 Die sonde het die mensewêreld uit die engelewêreld binnegedring. Daar was hoofsaaklik drie redes wat die satan gedryf het om die mens tot 'n val te bring:
 - Haat teen God dryf die satan om die mens tot 'n val te bring.
 - Die satan wou nog steeds probeer om God te beroof van die aanbidding van die mens.
 - Die gelukkige staat van die mens moes vir die satan as gevallene 'n bitter saak gewees het. Daarom dryf jaloesie teen die mens hom daartoe om die mens tot 'n val te bring.
- 2.2 In sy lis wend die satan hom tot Eva. Sy is nie die hoof nie en kom dus makliker tot 'n val. Dit gebeur omdat die vrou buite die grense van haar roeping en opdrag beweeg.
- 2.3 Die lis van die satan kom ook daarin uit dat hy hom van 'n dier bedien wat onder die heerskappy van die mense is. Hulle het die aanslag waarskynlik nie uit hierdie rigting verwag nie.
- 2.4 Die satan se hele aanslag is daarop gerig om die mens te prikkel tot 'n sondige strewe na onafhanklikheid. Dit staan teenoor die kinderlike gehoorsaamheid wat hulle aan God moes bewys.
- 2.5 Die mens het toe nie soos God geword nie, want hulle het nie die verwagte hoër kennis verkry nie. Die mens het slegs 'n karikatuur daarvan verkry – 'n kennis wat gemaak het dat hy as 'n ellendige sondaar voor die Here moes wegkruip.
- 2.6 Die hele menslike geslag het saam met Adam in sonde geval en is nou dood in die sonde en misdade – 1 Korintiërs 15:21,22.
- 2.7 Adam is deur God voor 'n proefgebod gestel. God wou hom beproef om te sien of Adam Hom sou dien in bewuste gehoorsaamheid.
- 2.8 Daar bestaan nie net 'n natuurlike band tussen Adam en ons nie; daar bestaan ook 'n regsband tussen hom en ons. Hy is die hoof van die menslike geslag en in hom is al die mense inbegrepe – 1 Korintiërs 15:21,22.

3. Erfsonde

- 3.1 As gevolg van die voortplanting van die sonde word ons nou in sonde gebore. Die sonde wat aan ons kleef, word erfsonde genoem – Psalm 51:7; Eksodus 20:5.
- 3.2 As ons ons aandeel in Adam se sonde ontken, kan ons nie die verlossing van Christus vir ons toe-eien nie – 1 Korintiërs 15:21,22.

Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 15:

Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het.

- *Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is.*
- *Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sonde laat uitspruit.*
- *Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein.*
- *Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe.*
- *God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word.*
- *Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie.*

Heidelbergse Kategismus

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).

(a) Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Eks 20:5; 34:7; Rom 1:18; Ef 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10.

- 3.3 Waar kry ons belydenis hierdie standpunte?

Dawid bid in Psalm 51:7 dat hy al vol sondes was toe sy ma swanger geword het. Job roep ook uit in Job 14: 4 “Ag, kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine – nie een nie!”

- Uit onder andere hierdie twee tekste is dit duidelik dat geen mens sonder sondes gebore kan word nie, omdat hulle die smet van erfsondes het van die oomblik van hulle ontvangenis (die oomblik van bevrugting) af.
- In 1 Korintiërs 15 leer Paulus baie duidelik dat die hele mensdom as gevolg van Adam se sonde in die dood beland het! Ons is almal gekoppel aan die gevolge van Adam se sonde! Wat is dit anders as erfsonde?

Die Pelagiane verstaan die saak anders: Hulle sê dat ons bloot die sondes van ons voorsate aanleer. Ons het dit nie van die begin af in ons nie.

As kinders sonder sondes gebore word, praat die Bybel teen homself, want die Bybel skeer altyd alle mense onder een kam: Hulle is sondaars en verlore nes.

- Daar is geen enkele plek in die Bybel waar geleer word dat daar 'n groepie (jong/klein) mense is wat nog sonder sonde is, maar wat dan later ook sondaars word nie.

- Die hele mensdom word deur God in een enkele kategorie ingedeel: Sondaars en verlore nes.
- *As jy kinders uit hierdie kategorie uithaal, dan haal jy hulle dadelik uit die verlossing deur die Here Jesus Christus uit.*

Vergelyk die volgende Skrifgedeeltes:

Romeine 5:6: “Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd **vir die goddelose gesterwe.**” (AFR53)

Lukas 5:32: “*Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar **sondaars tot bekering.***” (AFR53)

Lukas 19:9: “*Toe sê Jesus aan hom: Vandag het daar **redding vir hierdie huis** (= ouers en kinders!) gekom, aangesien hierdie man ook ’n seun van Abraham is.*” (AFR53)

Johannes 1:29: “*Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat **die sonde van die wêreld** wegneem!*” (AFR53)

Johannes 3:34-35: “*Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie. Die Vader het die Seun lief en **het alles in sy hand gegee.***” (AFR53) (Dus alle mense – klein en groot. Almal moet dus gered word!)

Efesiërs 2:3: “. . . onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en **ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.**” (AFR53)

Die apostel Petrus maak ’n baie groot saak daarvan dat daar net op een manier verlossing moontlik is – deur Jesus Christus alleen. Daar word dus geen voorsiening gemaak dat daar sekere mense (kinders) is wat sondeloos is omdat daar geen sonde (wat hulle net kon erf) aan hulle kleef nie.

1 Petrus 1:3-5: “*Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ’n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons ’n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.*” (AFR53)

1 Petrus 1:7-9: “. . . sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus; vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met ’n onuitspreeklike en heerlike blydskap, en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry.” (AFR53)

Jesus alleen roep mense uit die duisternis tot sy wonderbare lig.

1 Petrus 2:9: “*Maar julle is ’n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,*” (AFR53)

1 Petrus 3:18: “*Hy het gesterf vir onregverdiges en daarvan getuig die doop ook. Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring – Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;*” (AFR53)

1 Petrus 3:21: “*waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as ’n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as ’n bede tot God om ’n goeie gewete – deur die opstanding van Jesus Christus.*” (AFR53)

Jesus Christus het gekom om die werke van die duiwel te verbreek. As kinders buite die werke van die duiwel staan, staan hulle ook buite die verdienste van Christus – en dus ook buite die ewige lewe!

1 Johannes 5:9-12: “*As ons die getuienis van die mense aanneem – die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis is van God wat Hy aangaande sy Seun getuig het. Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie. En dit is die getuienis: dat*

God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.” (AFR53)

1 Johannes 3:8: *“Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.” (AFR53)*

3.4 Wie nie in Christus versoen is nie, is ’n vyand van God.

Kinders is geen uitsondering op die reël wat in al die volgende gedeeltes gestel word nie. Wie nie in Christus is nie, is deel van die duiwel.

Romeine 10:3: *“Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.” (AFR53)*

Romeine 3:23-26 (AFR53): *“want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as ’n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.”*

Romeine 4:4-8: *“Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste; aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken. Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke: Welgeluksalig is hulle wie se ongeregthede vergewe en wie se sondes bedek is. Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie.” (AFR53)*

Romeine 5:6: *“Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.” (AFR53)*

Romeine 7:14-25: *“Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek. En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is. Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon. Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon. Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig. Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien ’n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is. Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! (7:26) So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde.” (AFR53)*

2 Korintiërs 5:14-21: *“Want die liefde van Christus dring ons, omdat ons van oordeel is, dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Hy het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is. Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie; en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tóg nie meer so nie. Daarom, as iemand in Christus is, is hy ’n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen. Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.” (AFR53)*

2 Korintiërs 6:1-2: *“En as medewerkers vermaan ons julle ook dat julle die genade van God nie tevergeefs mag ontvang nie. Want Hy sê: In die tyd van die welbehag het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehag; kyk, nou is die dag van*

heil.” (AFR53)

Galasiërs 1:3: “Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus,” (AFR53)

Galasiërs 3:19-22: “Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van ’n middelaar. En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een. Is die wet dan teen die belofte van God? Nee, stellig nie! Want as daar ’n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees. Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word.” (AFR53)

Efesiërs 2:1-5: “En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus – uit genade is julle gered –” (AFR53)

Efesiërs 2:12-18: “dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van geboorte wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.” (AFR53)

1 Timoteus 1:15-17: “Dit is ’n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is. Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om ’n voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe. Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, on sienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen.” (AFR53)

3.5 Kom ons bespreek die volgende aantal Bybeltekste indringend:

Eksodus 20:5: “Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ’n jalouse God wat die misdade van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;” (AFR53)

Eksodus 34:7: “wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.” (AFR53)

Romeine 1:18: “Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtheid die waarheid onderdruk,” (AFR53)

Psalm 51:5 (51:7): “Kyk, in ongeregtheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.” (AFR53)

Nehemia 9:2: “En die afstammeling van Israel het hulle afgesonder van al die uitlanders, en hulle het gaan staan en belydenis gedoen van hulle sondes en die ongeregtighede van hulle vaders.” (AFR53)

Daniël 9:16: “o Here, laat tog volgens al u geregtigheid u toorn en u grimmigheid van u stad Jerusalem, u heilige berg, afgewend word, want om ons sondes en die ongeregtighede van ons vaders ontwil is Jerusalem en u volk ’n voorwerp van versmading vir almal rondom ons.” (AFR53)

Levitikus 26:40: “Dan sal hulle hul ongeregtigheid bely en die ongeregtigheid van hulle vaders deurdat hulle ontrou teen my gehandel het; en ook dat hulle hul teen My versit het,” (AFR53)

Jeremia 31:29: “In dié dae sal hulle nie meer sê nie: Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword.” (AFR53)

Jeremia 31:30: “Maar elkeen sal weens sy eie ongeregtigheid sterwe; elke mens wat die groen druiwe eet, sy tande sal stomp word.” (AFR53)

Esegiël 18:2: “Wat is dit met julle dat julle hierdie spreekwoord gebruik aangaande die land van Israel, naamlik: Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword?” (AFR53)

Numeri 14:18: “Die HERE is lankmoedig en groot van goedertierenheid, wat die ongeregtigheid en oortreding vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie, wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag.” (AFR53)

Psalms 109:14: “Laat die HERE gedagtig wees aan die ongeregtigheid van sy vaders, en laat die sonde van sy moeder nie uitgedelg word nie.” (AFR53)

Jesaja 53:6: “Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.” (AFR53)

Jeremia 14:10: “So sê die HERE van hierdie volk: Só het hulle daarvan gehou om te swerwe, hulle het hul voete nie teruggehou nie; daarom het die HERE geen behae in hulle nie. Nou sal Hy aan hulle ongeregtigheid dink en hulle sondes besoek.” (AFR53)

Jeremia 14:20: “HERE, ons ken ons goddeloosheid, die ongeregtigheid van ons vaders, want ons het teen U gesondig.” (AFR53)

Jeremia 32:18: “U wat guns bewys aan duisende en die ongeregtigheid van die vaders vergeld in die skoot van hulle kinders ná hulle; die grote, die geweldige God, wie se Naam is HERE van die leërskare,” (AFR53)

Jeremia 50:20: “In dié dae en in dié tyd, spreek die HERE, sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie; en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie; want Ek sal vergifnis skenk aan diegene wat Ek laat oorbly.” (AFR53)

Esegiël 18:20: “Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees.” (AFR53)

1 Korintiërs 15:21-22: “Want aangesien die dood deur ’n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ’n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;” (AFR53)

Romeine 5:12-21: “Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie. Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat ’n voorbeeld is van Hom wat sou kom. Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword. En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vrypraak. Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.

Maar die wet het daar bygekóm, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.” (AFR53)

4. Erfsmet

- 4.1 Na die sondeval ondergaan Adam ’n groot etiese verandering. Sy hele sielelewe het verander – sy verstand het verdonker geraak en sy wil het doodgegaan. Hy en sy nageslag kon hulle nie meer teen die sonde verset nie en hulle wou ook nie – Kaïn.
- 4.2 Erfsmet is dat die mens van sy eerste aansien af verdorwe is – Johannes 4:4 3:6; Psalm 51:7; 1 Konings 8:46b.
- 4.3 Erfsmet is ook die vuil – die smet van die sonde wat aan ons kleef – wat ons erf.

5. God en die sonde

- 5.1 God is nie die Skepper van die sonde nie.
- 5.2 God het dit tog so gewil dat Hy die sonde toegelaat het, omdat die vernietiging van die sonde God se heerlikheid soveel heerliker laat skyn. God neem dus die sonde in diens van sy eer en Hy heers daarvoor deur dit vir sy doel te gebruik.
- 5.3 God gebruik die sonde o.a. vir die volgende:
- Om sy volk te beproef – 2 Samuel 24:1b
 - Om sy volk te red – Genesis 15:5b
 - Om sy vyande te straf – Johannes 12:40

6. Die wese van sonde

- 6.1 Sonde is ’n daad wat sy doel mis. Sonde is ongeloof – Johannes 16:9. Sonde kom tot openbaring in ondankbaarheid en ongehoorsaamheid – Genesis 3.
- 6.2 Al die woorde wat in die Bybel gebruik word om sonde te beskryf, dui aan dat dit ’n afwyking is wat bepaalde grense oorskry. NB: 1 Johannes 3:4: “sonde is ongeregtigheid.” Die Griekse woord beteken *onwettigheid*. Dus, verbreking en skending van God se wet.
- 6.3 Sonde is vyandskap teen God en die verbreking van die gemeenskap met God. Die gevolge van die sonde is dat ek geneig is tot alle kwaad en onbekwaam tot enige goed – HK, vr. 8. Vergifnis is altyd moontlik na bekering en berou.
- 6.4 Sonde teen die Heilige Gees is onvergeeflik – Matteus 12:31. Alleen iemand wat met die kerk te doen het, kan die Heilige Gees laster. Die laster bestaan daarin dat die geloof wat deur die Heilige Gees bewerk en gevestig word, deur die persoon ontken word. Die Here vergewe nie iemand wat eers die evangelie glo en dit daarna verwerp nie.
- 6.5 Dood kom as straf op die sonde. Dit is die eerste dood. Die woorde, ”dood in sonde en misdade”, beteken dat daardie betrokke persoon geestelik dood is – Efesiërs 2:1.
- 6.6 Alle mense sterf ’n liggaamlike dood aan die einde van hulle lewe op die aarde. Hierdie onbekwame lewe word afgerond met die dood – dit word die eerste dood genoem.
- 6.7 Die eerste opstanding is wanneer ons onmiddellik met ons dood in die hemel by God is. Vgl. Lukas 16:21 e.v.
- 6.8 Die tweede opstanding is wanneer ons liggame met die wederkoms weer opgewek word en met ons liggame verenig word.
- 6.9 Die tweede dood is wanneer die mense wat hel toe gaan, nadat hulle liggame opgewek en met hulle siele verenig is, met liggaam en siel in die ewige doderyk gewerp word. Die uitverkorenes sterf nie die tweede dood nie, want hulle is dan reeds deur Christus in sy koninkryk besorg. Vgl. Openbaring 14: die graanoes en die wynoes.

7. Die noodsaaklikheid van straf

- 7.1 Sonde is 'n skending van God se heiligheid. Dit is ook 'n aanranding van God self. Dis verder ook om God se wet te oortree. Daarom moet dit gestraf word.
- 7.2 Sonde is ook verraad teen God en bewerk skeiding tussen God en mens. Sodanige verraad is strafbaar met die dood.
- 7.3 God alleen straf die sonde – Genesis 2:7; Eksodus 20:5-7; Openbaring 22:12. Die mens kan die straf van God oor ons sondes in hierdie lewe nie altyd onderskei van beproewing in gebeurtenisse soos siekte, armoede en lyde nie.